

VERSLAG: SWAZILAND REFORMED CHURCH

Ons wil graag met hierdie verslag iets van die lief en die leed van die werk in Eswatini deel. Eswatini staan ook, soos die res van die wêreld, tans voor die grootste uitdaging om bloot te oorleef, direk of indirek as gevolg van COVID-19. Dit is bykans onmoontlik om nie in hierdie tyd weer terug te dink aan die begin van hierdie millennium toe ons getuie was daarvan hoedat die land besig was om dood te gaan as gevolg van MIV en VIGS nie. Op daardie stadium het tientalle mense daagliks gesterf as gevolg van VIGS-verwante siektes. Deur die Here se genade het Eswatini tans nog minder as 100 COVID-19-verwante sterftes aangeteken. Streng reëls, ook wat eredienste en ander kerklike byeenkomste raak, is afgekondig en word ook gemonitor. Alle kleuterskole is steeds gesluit. Daar is reeds van ons lidmate wat egter wel die virus opgedoen het, maar sover ons kennis strek, is daar nog geen sterfte in enige van ons gemeentes aangeteken nie.

Aan die negatiewe kant is veral twee van die gemeentes die afgelope tyd deur groot uitdagings gekonfronteer. Na baie jare se spanning tussen twee werkers in die Hhohho gemeente, die een die leier van die gemeente en die ander die plaaslike leier op Mbabane, waar elke moontlike poging om die twee partye by die punt te bring waar hulle met mekaar versoen kan word, het die saak uiteindelik in die hof gedraai. Alhoewel die hof in die guns van die leier op Mbabane uitspraak gelewer het, het hy, téén die raad van die moderatuur in, besluit om te bedank as lidmaat van die SRC en om sy eie kerk tot stand te bring. Die gemeente op Mbabane het spontaan besluit dat hulle hom volg en slegs enkele, ouer lidmate, wat nie kans gesien het om na al die jare wat hulle in die SRC was, nou na 'n ander kerk te gaan nie, het oorgebly. Bid asseblief saam met ons dat die Here vir ons wysheid sal gee om hierdie gemeente te bemoedig en geestelik te versterk.

In die Shiselweni-gemeente het die leier op Matsanjani geroepe gevoel om ook sy eie kerk te begin. Aanvanklik was die verhouding tussen die voormalige leier en die bestaande gemeente op Matsanjani goed nadat hy bedank het, maar intussen het dit duidelik geword dat die betrokke persoon eerder ego-gedrewe as Gees-gedrewe is. Hy het aanvanklik ingestem om sy kerk te groei, nie uit lidmate van bestaande kerke wat "gesteel" word nie, maar om deur middel van bediening aan die inwoners van die gebied, waarvan honderde nie deel is van 'n kerk nie, die algemene kerk van Christus uit te brei. Ongelukkig het dit gou duidelik geword dat hy nie daarvoor te vinde was om met die harde werk van evangelisasie besig te wees nie en dit het onder ons aandag gekom dat hy aktief lidmate van bestaande kerke, insluitend lidmate van die SRC op Matsanjani, afrokkel. Daar is selfs getuienis dat hy mense wat op 'n Sondag op pad is na hulle normale eredienste, voorlê en hulle dan oorreed om eerder na sy kerk te kom. Dit is hartseer om te beleef hoedat iemand wat vroeër die Here met 'n warm hart gedien het, tans eintlik net homself dien. Die vers in Johannes 10:10 kom onwillekeurig in mens se gedagtes op: "'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorfloed." Waar hierdie persoon homself nou openbaar het as 'n dief wat ander kerke se "skape" met kwade bedoelings probeer steel, bid ons nou vir die vermoë om nie kwaad met kwaad te vergeld nie, maar om juis deur groter liefde te betoon, mense te laat verstaan dat die ware kerk van Christus nie gaan oor ons eie ego nie, dat die ware kerk van Christus daaroor gaan om mekaar in liefde te dien – waar die grootste die kleinste moet wees – en dat ons geroep word, nie om gedien te word nie, maar om te dien. Bid asseblief ook wat hierdie situasie betref dat die Here vir ons wysheid sal gee om reg op tree.

Aan die positiewe kant is daar egter ook baie om te rapporteer. COVID-19 het in baie opsigte die gemeentes uitgedaag om innoverend te dink rondom eredienste. Anders as Suid-Afrika, is die reëls vir byeenkomste nie beperk ten opsigte van die aantal mense wat die dienste mag bywoon nie, maar wel op die aantal mense wat in 'n bepaalde ruimte toegelaat word. Daar moet 'n twee meter radius rondom elke persoon wees en kinders onder 10 word nie toegelaat by byeenkomste nie. Verder is daar die normale reëls rondom sanitasie en die meet van liggaamstemperatuur. Meer as een erediens word nou op 'n Sondag op baie van die preekpunte gehou en in sommige gevalle kom die ouer lidmate en die jeug tans in aparte vertrekke bymekaar. Waar daar steeds 'n verbod op sang tydens eredienste is in Suid-

Afrika, het die regering van Eswatini waarskynlik besef dat dit onmoontlik is om so 'n reël af te dwing, en die eredienste gaan steeds voort met 'n groot klem op lofsang.

Eswatini is erger as Suid-Afrika geraak deur hongersnood. Geen reëls is ingestel om die verhoging in pryse van basiese produkte te beperk nie, en produkte soos meliemeel se pryse het die hoogte ingeskiet. 'n Sak van 50 kg meliemeel kos nou reeds R400. Vir die eerste keer in baie jare is ons weer getuie van mense wat aan kwashiorkor ly, gewoonlik gekenmerk deur 'n erg geswelde buik en wat verband hou met 'n ernstige tekort aan proteïene. Die Shiselweni-gemeente gaan steeds voort om bykans 500 kinders daaglik te voorsien van gekookte etes op vier verskillende plekke. Ons is baie dankbaar dat die regering van die eerste dag van inperking, die uitsondering gemaak het dat voedselprogramme kan voortgaan. Maar dit is duidelik dat ons ook hierdie program sal moet uitbrei om meer mense as net die kinders te help.

Enkele dae voordat die inperking begin het en onwetend wat vir ons voorlê, het ek die geleentheid gehad om 'n groep van vyftig koördineerders van Shiselweni Home-Based Care (SHBC) basiese opleiding te gee in wat op daardie stadium bekend was rondom SARS-Cov-2, hoe hulle hulleself kan beveilig teen infeksie en hoe hulle die 1500 tuisversorgers wat tans deel is van SHBC kan bemagtig om ook binne hulle eie gemeenskappe mense in te lig en te help om hulleself van die virus te beskerm. Ons beskik nie oor die luukse om mekaar in Zoom-vergaderings te kan ontmoet nie, maar deur middel van Whatsapp is dit steeds moontlik om nie alleen gereeld kontak te hê nie, maar ook om voortdurend nuwe inligting deur te stuur wat ter sake is op hierdie stadium. Die terugvoer is positief en dui aan dat hulle steeds met hulle basiese versorgingsprogramme voortgaan.

Op 'n ander, baie positiewe noot, het die Eerste Minister van Eswatini onlangs aangekondig dat die land nie alleen die eerste in Afrika is wat die Verenigde Volke se doelwit rondom MIV en VIGS bereik het nie, maar ook die eerste is om dit verby te steek. Die VV se doelwit van 90-90-90 behels dat 90% van mense wat MIV+ is van hulle status bewus sal wees, dat 90% van hierdie groep medikasie sal ontvang en dat 90% van hulle die virus-lading in hulle liggame noemenswaardig sal onderdruk het. Eswatini het 'n nuwe doelwit bereik van 95-95-95. Wat die impak van SHBC was om hierdie doelwit te bereik is natuurlik onmoontlik om te bepaal, maar ons weet dat die Here hierdie groep mense op 'n besondere manier gebruik het om duisende mense sover te kry om getoets te word, om met hulle medikasie te begin en om te volhard in die gebruik daarvan. Dit is met 'n gevoel van ontsettende dankbaarheid teenoor die Here, dat ons sien hoedat die stryd teen MIV en VIGS stadig maar seker gewen word in Eswatini.

Daar is uitdagings in die kerk in Eswatini. Daarvoor het ons gebed nodig. Maar hierdie uitdagings word oorskadu deur die positiewe dinge wat ook aan die gebeur is. En daarvoor vra ons dat julle die Here saam met ons sal eer.